
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is DRIE keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes van elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm antwoord NIE.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Verkeerde nommering sal NIE krediet kry NIE.

7. Beantwoord al die kolpunte ('bullets') by elke vraag.

8. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

9. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

10. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| WOORDELYS | |
|---|---|
| **Ubuntu:** | 'n Waardestelsel wat die noodsaaklike menslike deugde, soos deernis, menslikheid en empatie, insluit |
| **Inperkbed:** | 'n Bed wat dikwels gedurende pandemies of uitbrekings van siektes wat hoogs aansteeklik is, gebruik word; om geïnfekteerde individue van ander mense af te sonder en om verdere verspreiding van infeksie te voorkom |
| **Ebola:** | 'n Aansteeklike en dikwels dodelike siekte wat deur koors en ernstige interne bloeding gekenmerk word. Ebola word deur kontak met die liggaamsvloeistowwe van 'n besmette persoon versprei. |
| **Uitkyktoring:** | 'n Hoë, smal gebou van waar jy die omgewing kan waarneem |
| **Liggaamsbespotting:** | Uiting van onvanpaste en negatiewe kommentaar oor 'n ander persoon se liggaam, hulle gewig, vorm of voorkoms |
| **Nguni:** | 'n Versamelwoord vir swart mense wat histories in die oostelike streke van Suidelike Afrika hulle oorsprong het, soos Swaziland, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap |
| **Aluminium:** | 'n Sterk metaalallooi wat vir vensterrame en funksionele voorwerpe gebruik word |
| **Mahonie:** | 'n Tipe hout wat baie hard en duur is |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE**

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1



FIGUUR A: **Tekstielontwerp**-advertensie deur Thandiwe Muriu (Kenia), 2023.

1.1.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels in FIGUUR A hierbo:

- Kleur
- Tekstuur
- Eenheid
- Beweging (4 x 2) (8)

1.1.2 Identifiseer die fokuspunt van die tekstielontwerp-advertensie in FIGUUR A en bespreek hoe dit reggekry is. (2)

**[10]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2



FIGUUR B: **Handsak** deur Erkek Johnature (VK), 2023.

1.2.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels met betrekking tot die handsak-ontwerp wat in FIGUUR B hierbo getoon word:

- Lyn
- Fatsoen
- Verskeidenheid
- Balans (4 x 2) (8)

1.2.2 Bespreek die moontlike invloede vir FIGUUR B hierbo. (2)
**[10]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP

2.1




FIGUUR C: **Aanvaar Alle Liggaamstipes, Stop die Bespotting – Skoonheid Ken Nie Grootte Nie ('Embrace Every Body, End the Shame – Beauty Knows No Size)**, ontwerper onbekend (VSA), 2024.

2.1.1 Identifiseer en bespreek die boodskap wat deur die plakkaat in FIGUUR C hierbo oorgedra word. (2)

2.1.2 Identifiseer en verduidelik EEN moontlike stereotipe of vooroordeel wat in die plakkaat duidelik is. (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2



FIGUUR D: **Weggesnyde handgemaakte aluminiumstoel** deur Uriel Schwartz (VSA), 2024.



FIGUUR E: **Nguni-voustoel** deur Groundcover Leather Company (Suid-Afrika), 2022.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die stoel in FIGUUR D met die stoel in FIGUUR E vergelyk.

Verwys na die gebruik van die volgende in jou vergelyking:

- Vorm
- Estetika OF Inspirasie
- Ergonomie (3 x 2) (6)

**[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 3: ARGITEKTUUR**

**Beantwoord VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2 ÓF VRAAG 3.3.**

3.1




FIGUUR F: Klassieke **Toring van die Winde ('Tower of the Winds')** deur die Griekse sterrekundige Andronikos van Cyrrhus (Romeinse Agora, Athene, Griekeland), 50 VHJ. Die toring is gebruik om windrigting aan te dui. Hierdie toring is ook as 'n tydaanwyser gebruik. Aan die buitekant van die toring is tyd deur sonwysers aangedui, maar binne-in die toring het 'n watertydaanwyser tyd met waterdruk gemeet.



FIGUUR G: Kontemporêre **Uitkyktoring Kärven ('Observation Tower Kärven')** ontwerp deur White Arkitekter (Swede), 2024.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die Klassieke Toring van die Winde in FIGUUR F met die kontemporêre Uitkyktoring Kärven in FIGUUR G vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Funksie
- Materiale
- Versiering OF Invloed
- Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/struktuur met enige kontemporêre gebou/struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Funksie
- Materiale
- Versiering OF Invloed
- Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/struktuur met enige Inheemse Kennisstelsels-gebou/struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Funksie
- Materiale
- Versiering OF Invloed
- Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4


4.1 Bestudeer die visuele beelde (prentjies) hieronder en beantwoord die vraag op die volgende bladsy.



Art Nouveau




Art Deco



De Stijl




Pop




Modernisme



Skandinawies



Bauhaus



Dekonstruktivisme

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**'As jy nie hou van hoe die wêreld is nie, verander jy dit … een tree op 'n slag.'**
**– Marian Wright Edelman**

Kies enige TWEE van die ontwerpbewegings/-style uit die lys hieronder, wat deur die visuele beelde (prentjies) op die vorige bladsy verteenwoordig word, en verduidelik hoe die ontwerpbewegings/-style die wêreld verander het.

- Art Nouveau
- De Stijl
- Bauhaus
- Art Deco
- Modernisme
- Pop-ontwerp
- Skandinawies
- Dekonstruktivisme

Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy na die volgende verwys:

- Bespreek die stelling hierbo met verwysing na die beweging/styl wat jy gekies het. (2 punte)
- Verduidelik die doelwitte, invloede en kenmerke van die ontwerpbeweging. (5 punte)
- Noem 'n ontwerp en die ontwerper/ontwerpgroep. (1 punt)
- Sluit 'n bespreking in van die ontwerp wat jy gekies het. (2 punte)

(2 x 10) **[20]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2



FIGUUR H: **Kuns-en-Kunsvlyt-mahonieboekrak** deur
Wylie and Lockhead (VK), 1900's.



FIGUUR I: **Postmodernisme-Carlton-boekrak** deur
Ettore Sottsass Memphis Group (VSA), 1981.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die boekrakke in FIGUUR H en FIGUUR I hierbo met mekaar vergelyk en verduidelik hoe hulle tipies is van die ontwerpbewegings wat hulle verteenwoordig.

Verwys na die volgende om jou antwoord te ondersteun:

- Inspirasie
- Kleur
- Balans
- Doelwitte van die beweging wat in die boekrakke weerspieël word
- Gepastheid vir doel/funksie (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1



FIGUUR J: **Ubuntu-inperkbed** deur Ilteris Ilbasan (Turkye), 2022.
Die Ubuntu-inperkbed is bekostigbaar en maklik om gedurende 'n Ebola(dodelike virus)-uitbreking aan mekaar te sit en te gebruik. Ebola vereis dringende mediese sorg.

5.1.1 Bespreek die sosiokulturele voordele van die ontwerp in FIGUUR J hierbo. (2)

5.1.2 Noem EEN ander voorbeeld van 'n sosiokulturele ontwerpoplossing behalwe FIGUUR J. Verduidelik hoe hierdie ontwerpoplossing die lewens van mense verbeter. (2)

5.1.3 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ ontwerpgroep **EN** EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ ontwerpgroep bespreek wat sosiokulturele kwessies in hulle werk aanpak.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN ontwerpproduk (1 punt)
- Bespreking van die doelwitte, ontwerpmateriale en tegnieke wat deur die ontwerper/ontwerpgroep gebruik is (5 punte)
- 'n Verduideliking van hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessies aanpak (2 punte)

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)

**[20]**

OF


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.2



FIGUUR K: **Leunstoele** deur Andile Dyalvane (Suid-Afrika), 2021.

5.2.1 Identifiseer en bespreek die invloed van tradisionele gemeenskap-kunshandwerktegnieke wat in FIGUUR K hierbo duidelik is. (2)

5.2.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) oor EEN inheemse tradisionele kunshandwerk wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Naam van die inheemse kulturele gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk vervaardig het (1 punt)
- Die materiale, metodes en prosesse wat gebruik is om die tradisionele kunshandwerk te skep (5 punte)
- Die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk (2 punte) (8)

5.2.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse/Afrika-ontwerper/-ontwerp-groep bespreek wie se ontwerpe geïnspireer is deur of wat gebruik maak van enige inheemse Suid-Afrikaanse/Afrika-kunshand-werktegnieke en/of -materiale.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Naam van die ontwerp/ontwerpgroep en EEN kontemporêre ontwerpproduk (1 punt)
- Bespreking van die doelwitte, invloede en materiale van die ontwerper/ontwerpgroep. (6 punte)
- Verduideliking van hoe die kontemporêre ontwerpproduk 'n aanpassing en voortsetting van die inheemse handwerktegniek is. (3 punte) (10)

**[20]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6**

6.1



FIGUUR L: **Van Afrika met Liefde ('From Africa with Love')**-kandelaar deur Heath Nash (Suid-Afrika), 2013.

6.1.1 Definieer die term *ekovriendelik* met verwysing na FIGUUR L hierbo. (2)

6.1.2 Bespreek TWEE ander metodes om produkte te maak wat ekovriendelik is behalwe FIGUUR L. (MOENIE na ontwerp-voorbeelde in hierdie vraestel verwys NIE.) (2)

6.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep EN EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep bespreek wie se werk volhoubare/omgewingskwessies aanpak.

Verwys na die volgende in jou opstelle:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN van hulle ontwerpe (1 punt)
- Doelwitte, materiale en prosesse (5 punte)
- 'n Bespreking van die ontwerpproduk en 'n verduideliking van hoe dit volhoubare/omgewingskwessies aanpak (2 punte)

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African